PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS
H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

23 September 2020

DAAGLIKSE SKANDERING

Geagte ouer

Ouers moet kennis neem dat die daaglikse skandering en sanitasie van hande, asook die dra van maskers, steeds verpligtend is by skole. Dit is nog steeds belangrike protokol teen die verspreiding van Covid-19, ongeag op watter vlak die land se inperking tans is.

Ons ondervind dat die daaglikse voltooiing van die leerders se gekleurde "Covid-paspoort" vir u ongerieflik is en ons sal graag die sisteem wil vergemaklik.
Ons versoek dat ouers die aangehegte ondernemingsdokument eenmalig sal voltooi waarin u onderneem om by die gesondheidsprotokol te hou, soos wat dit op die skool se webwerf verskyn. Hierdie voltooide dokument moet teen Woensdag, 30 September, na u kind se registeronderwyser gestuur word. Die dokument kan per epos, gefaks of in harde kopie ingestuur word.
Hierdie onderneming sal dan op lêer gehou word vir rekorddoeleindes.

Die nuwe aanpassing tree op 1 Oktober inwerking.

Mnr. Neels Gunter
Skoolhoof

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com